


# Ek was bang om oor Jesus te praat

1


## This is the story of my *life.*

Ek was soos OO7.
Ek het so 'n stil, waaksame kyk gehad
en niemand het geweet
wie ek is
en wat met my
gebeur het nie.



2

Ek het iets groots
gehad om te vertel,
maar ek het in
kamoefleerdrag
geskuil.
Ek het nie oor
Jesus gepraat nie.
Ek het nooit
hardop voor mense
gebid nie.
As mense my
gevra het om
dit te doen,
het ek net
verdwyn.



3



Ek het baie
verskonings
gehad.
Hier is vier:

- Ek sal mos my vriende verloor.
- Dwepers is ongewild.
- Wat elke mens glo, is sy/haar eie saak.
- Ek is skaam. Ek is nou eenmaal só.

4

Ek het gedink: Noem my sommer OO9.
Jesus se *secret agent*, vir my is dit *fine*.

In STILTE
het ek my ding gedoen.



5

Op 'n dag vertel ek vir 'n pêl
van 'n ou wat my met my siek hond
gehelp het.
Toe tref dit
my:



Jesus het
dan soveel méér vir my gedoen …
Hy is in my plek gekruisig.
Toe wonder ek: Hoekom sukkel ek so
om van my Redder te praat?

6

Ek gaan soek in my Bybel.
Daar staan 'n boodskap van Jesus
asof spreiligte daarop val:

"Elkeen wat hom vir My en my woorde
skaam,
vir hom sal die Seun van die mens Hom
skaam
wanneer Hy kom."
Lukas 9:26

En ook:

"Jy moenie skaam wees
om die boodskap van die Here
te verkondig nie."
2 Timoteus 1:8

7

Ek het geweet daar is fout.
Ek moes ook oor Jesus praat.
Maar ek was bang dat mense my
sou uitlag.
Ek was bang vir



*commitment.*

8

Ek het gesien as iets groei,
bly dit nie soos dit was nie.
Ek moes ook groei.
Ek moes oor Jesus begin praat.

"Doen dit net," het iemand vir my gesê.
"Dit is maklik."

Maar dit was nie. Ek was radeloos.
Ek het weer in my Bybel gaan soek
en 'n antwoord gekry:

"Maar julle sal krag ontvang
wanneer die Heilige Gees oor julle kom,
en julle sal my getuies wees."
Handelinge 1:8

9

Toe sê ek vir myself:
Die Heilige Gees gaan my help.
Ek het soos Moses gevoel
toe God vir hom sê:

"Gaan nou, Ek sal jou help met die praat
en jou leer wat jy moet sê."
Eksodus 4:12

10

Die Heilige Gees het my krag gegee.
Toe 'n siek vriend gesond word,
het ek gesê:
"Weet jy, Jesus is wonderlik!"
Ek het dit bedoel.
So het my nuwe lewe begin.

"Ek is tot alles in staat deur Hom (Jesus)
wat my krag gee."
Filippense 4:13

Ek groei nou geestelik.
Ek vertel vir ander dat 'n mens
eers begin lewe
wanneer jy saam met Jesus lewe.
Dit is waarvoor ek lewe.
Dit is waarom *jý* lewe.


11

## *Jesus sê:*

*"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels."*
*Matteus 28:19*

*"Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." Johannes 20:21*

CLF
© CHRISTELIKE LEKTUURFONDS
*Christelike boeke en gratis leesstof wat jou lewe sal verander.*
**Christelike Lektuurfonds / Christian Literature Fund**
**Hoofkantoor / Head Office:**
Privaatsak / Private Bag 19 Wellington 7654
Tel: 021 873 6964 • Faks: 6 021 864 3677
Epos: publisher@clf.co.za of info@clf.co.za
Webblad: www.clf.co.za
**Streekkantoor / Regional Office**
Posbus 19 Bloemfontein 9300
Tel: (051) 403 8535
Faks: 6 051 430 6782



12